Hoërskool Brandwag

Typhoonstraat, Northmead
Benoni, 1500
Posbus 13191
Northmead
1511

Tel: 011 849 8911
011 849 1389
Faks: 011 849 8913
E-pos: skool @hsbrandwag.co.za
www.hsbrandwag.co.za

Geagte gr.11 Brandwagouer en –leerder

Een van die hoogtepunte wat ons vir 2018 beplan is ons jaarlikse Debutantebal!
Die doel hiervan is om geld in te samel vir die skool se Trustfonds en om debutante die geleentheid te gee om ‘n spoggeleentheid by te woon. Die Debutantebal vind plaas op Vrydag 10 Augustus 2018, by Summerplace in Boksburg.

Graag gee ons die volgende inligting rakende die debutante-fondsinsamelingsprojekte aan u deur:

- Voornemende debutante is verplig om ook ten minste aan twee van die volgende projekte deel te neem: Valentynsdag en/of Entrepreneursdag, asook aan die modeparade.
- Leerders wat ‘n debutant wil wees, moet ‘n registrasiefooi van R500 by hulle registerpersoneel inbetaal, wat ingereken sal word as deel van hulle fondsinsamelingsprojek. Hierdie bedrag is nie terugbetaalbaar met kansellasie nie.
- Die sluitingsdatum vir registrasie is Vrydag, 13 April 2018. Debutante kan individueel of as ‘n paar registreer, maar elkeen moet die registrasiefooi betaal.
- Om te kwalifiseer as ‘n suksesvolle debutant, moet elke leerder ‘n minimum bedrag van R3500 insamel en sy/haar skoolgelde moet op datum wees.
- Leerders wat die minimum van R3500 insamel woon die Debutantebal gratis by, asook sy/haar matriekafskeid in 2019.
- ‘n Debutant wie se metgesel nie self ook ‘n debutant is nie, moet R600 vir sy/haar metgesel betaal. ‘n Debutant wat egter R4500 of meer insamel, mag ‘n metgesel gratis saamneem.
- Die borglys wat geregistreerde debutante ontvang, is slegs geldig indien dit van ‘n amptelike skoolstempel en nommer voorsien is en deur die hoof met ‘n groen pen onderteken is.
- Debutante wat die eerste drie plekke beklee ten opsigte van die fondsinsameling en ‘n bedrag van minstens R5000 insamel, kry 10% van hulle ingesamelde bedrag terug.
- Debutante sal ook in aanmerking geneem word met die jaarlikse prysuitdeling.
- Projekte moet so gou as moontlik geregistreer word na betaling van registrtasiegeld. Dit moet egter eers met Me. A. Eriksson bespreek word. Die skool behou die reg om projekte goed of af te keur.

Wees verseker van ons volgehoue ondersteuning met elkeen se projek.
Baie sterkte aan elke aspirerende debutant!

----------	----------
Mnr. J.N. Wright	Mnr. D.v.d. Mescht
HOOF	Koördineerder

Printed by BoltPDF (c) NCH Software. Free for non-commercial use only.